

# GEREFORMEERDE KERK KRUGERSDORP

## Gebeurlikheidsplan - COVID-19

Die Diensgroep vir Bediening het kennis geneem van die regering se maatreëls vir die bekamping van die COVID-19 virus en onderneem ons gemeente se volle samewerking en ook voorbidding in die verband. Ons vra die Here se genade vir almal wat in ons land en wêreldwyd siek is, en dra veral persone wat betrokke is in gesondheidsorg aan sy genadetroon op.

In lyn met die regering se direktief, word alle kerklike aktiwiteite tot 14 April 2020 opgeskort of aangepas soos hieronder uiteengesit. Indien die regering na 14 April verdere direktiewe uitreik, sal dienooreenkomstig gehandel word.

### 1. Eredienste word elektronies uitgesaai

- 1.1. Geen eredienste wat deur lidmate bygewoon kan word sal in hierdie tyd gehou word nie (ook nie die Paasaweek nie - dus ook geen Nagmaal op Goeie Vrydag nie).
- 1.2. Eredienste word wel op Sondag en op Goeie Vrydag, op die gebruikelike eredienstye, vanuit die kerkgebou elektronies uitgesaai, volgens die vasgestelde preekprogram.
- 1.3. Die opname en lewendige uitsending van die oggend-eredienste geskied vanuit die kerkgebou om ook die bestaande uitsending na Moria te kan laat voortgaan.
- 1.4. Die elektroniese uitsending sal deur middel van Facebook Live op ons kerk se Facebook-blad geskied (<https://www.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Krugersdorp>). Lidmate wat dit nog nie gedoen het nie, word aangemoedig om voortydig op Facebook te registreer en om op ons kerk se Facebook-blad te vra om "uitgenooi" ("ge-invite") te word.
- 1.5. 'n Klankopname van die eredienste sal in die daarop volgende week op die kerk se webblad beskikbaar wees by [www.gkkrugersdorp.co.za](http://www.gkkrugersdorp.co.za).
- 1.6. 'n Uitgeskrewe kopie van die preke (elektronies) kan ook van die kerkkantoor (Sel: 072 854 0953) aangevra word.
- 1.7. Die gemeente word deur middel van e-pos, SMS, Facebook en die kerk se webblad bewus gemaak van die uitsendings, en ook van inligting voorsien

oor hoe om op die uitsendings in te skakel. Die weeklikse *Ons Kandelaar* word ook op hierdie manier elektronies beskikbaar gestel.

1.8. 'n Proefuitsending word op Saterdag 21 Maart om 12:00 gehou.

1.9. 'n Hulplyn word deur die Diensgroep Elektroniese Media beskikbaar gestel om lidmate wat met inskakeling sukkel, te help (Sel: 084 592 8140 of Sel: 083 325 0728).

## 2. Besoeke

2.1. Die riglyn word gestel dat geen besoeke (huisbesoek, hospitaalbesoek, pastorale besoek) deur predikante, ouderlinge en diakens in hierdie tyd gedoen word.

2.2. Waar 'n besoek onvermydelik moet plaasvind, moet die hoogste standaard van higiëne geld (masker, handskoene, ens.).

2.3. Voorbidding, bemoediging en pastorale advies sal, waar benodig, telefonies of elektronies geskied.

## 3. Diakonie

3.1. Die Diakonie sal, soos gebruikelik, voortgaan om kospakkies te voorsien aan lidmate wat dit benodig - met die absolute minimum of geen fisiese kontak.

3.2. Die Diakonie bied 'n hulplyn vir lidmate in kwarantyn wat in hierdie tyd moontlik gehelp moet word met inkopies, voedsel, vervoer ens. (Sel: 083 675 3974).

3.3. Die Diakonie loods 'n projek om maskers te maak wat aan gemeentedele wat noodsaaklike dienswerk doen (byvoorbeeld Sopkombuis en Haweloses) beskikbaar gestel kan word.

## 4. Begravnisse

4.1. Begravnisse kan in hierdie tyd gehou word, met inagneming van die regering se verbod op samekomste van meer as 100 persone.

4.2. Die familie sal verantwoordelik wees om toe te sien dat hoë higiëniese standaard by die begrafnis geld (Handreiniging, groet ens.).

- 4.3. Geen tee / koffie / verversings sal in hierdie tydperk na afloop van begrafnisse bedien word nie.
- 4.4. Na gebruik, moet die kerkgebou - veral banke, handreëlings, toilette en handvatsels, deeglik onder leiding van die koster ontsmet word.

## 5. Haweloses

- 5.1. Omdat die haweloses van die mees kwesbare lede van ons samelewing is, moet die bediening aan hierdie persone met groot omsigtigheid om 10:00 op Sondag wel voortgaan - en slegs deur vrywilligers.
- 5.2. Alle lidmate wat by hierdie bediening betrokke is, moet sonder uitsondering met handskoene en maskers optree. Alle fisiese kontak moet vermy word. Die standaardafstand van minstens 1 meter tussen persone moet ten alle tye gehandhaaf word.
- 5.3. Om 10:00 sal 'n kort oordenking vir die haweloses gehou word deur die predikant wie se diensbeurt dit is (volgens die preekprogram).
- 5.4. Daarna kan die sokkombuis (volgens die bestaande diensrooster) voedsel beskikbaar stel.
- 5.5. Ook kaartjies vir die Tower of Life en proteïen-aanvulling sal soos gebruiklik uitgedeel word.
- 5.6. Vanweë 'n verwagte toeloop - word hierdie diens tot 30 haweloses beperk - met voorkeur aan ons bekende haweloses.
- 5.7. Absolute toegangsbeheer (geslote hek) tot die kerkterrein moet geld.

## 6. Kerkkantoor

- 6.1. Die aktiwiteite van die kerkkantoor gaan voort soos normaal, maar met absolute minimum fisiese kontak.
- 6.2. Die *Ons Kandelaar* word elke week slegs elektronies beskikbaar gestel en versprei.

## 7. Finansies

- 7.1. Lidmate word gevra om elke Sondag hulle kollekte vir barmhartigheid tuis op te spaar tot ons as gemeente weer kan saamkom.

- 7.2. Die *SnapScan* QR-kode word elektronies (in die *Ons Kandelaar*) aan al die lidmate versprei om ook op die manier tot die kollekte te kan bydra.
- 7.3. Lidmate word ook versoek om soos normaal hulle kerklike bydraes af te dra, of by die kerkkantoor af te gee.
- 7.4. Die Diakonie kan, in die geval van tekort, van hulle reserwefonds gebruik maak.
- 7.5. Die voorlegging van die gemeente se begroting en die bespreking van die situasie rakende ramings, staan oor tot die gemeente weer kan saamkom.

## 8. Katkisasie

- 8.1. Die katkisasierooster vir alle klasse word nie aangepas nie. Ouers word gevra om die betrokke les in die katkisasiehandboek tuis met hulle kinders te behandel op die datum soos in die gemeente se Jaarprogram aangedui.
- 8.2. Die behandeling van die Bybelboeke vir die belydenisklas, sal op daardie Sondagande plaasvind soos in die program aangedui. Die jongmense sal elektronies (via Facebook) op die aanddiens kan inskakel en sal ook elektronies (per e-pos) van 'n vraelys voorsien word.

## 9. Reddersburg Kinderhuis

- 9.1. Die Reddersburg Kinderhuis se besoek tydens die Paasnaweek staan oor na 2021.

## 10. Uitreik korrektiewe dienste

- 10.1 Weens die regering se verbod op besoeke aan die gevangenis, vind die uitreike tot ten minste 14 April nie plaas nie.

## 11. Ander aktiwiteite

- 11.1 Alle ander kerklike aktiwiteite (Bybelstudies, Forum ens.) vind voorlopig nie plaas nie. Elektroniese skakeling (WhatsApp / Skype ens.) kan wel onderling gereël word.